

April

Ek kan nie meer nie

Jeremia se gebed:

“U het my mislei, Here, en ek het my laat mislei. U was te sterk vir my, U het gewen. Ek word heeldag uitgelag, almal spot met my. Elke keer as ek my mond oopmaak, moet ek skree, moet ek roep: ‘Daar is geweld, daar is verdrukking!’ Om die woord van die Here te moet aankondig, beteken vir my net vernedering en bespotting heeldag deur.

En wanneer ek dink ek sal my aan Hom nie steur nie en nie meer in sy Naam praat nie, dan word dit in my soos ’n vuur wat brand en waarvan ek nie kan loskom nie. Ek is moeg van weerstand bied daarteen, ek kan nie meer nie. Ek hoor almal fl uister: ‘Angs van alle kante! Sê dit! Kom ons sê vir die koning wat Jeremia sê!’ Selfs my vriende wag dat ek tot ’n val kom! Hulle sê: ‘Miskien loop hy in die val, en dan kan ons hom bykom en ons op hom wreek.’ Maar U is by my, Here, en U is magtig en sterk: dit is dié wat my vervolg wat sal val; hulle sal nie wen nie. Hulle sal teleurgestel staan, want hulle sal nie in hulle doel slaag nie. Die skande van hulle neerlaag sal nooit vergeet word nie. Here, Almagtige, u oordeel is reg, U sien raak wat diep in ’n mens is. Laat my sien hoe U my vyande straf, want ek gee my saak in u hande. Sing tot eer van die Here, loof Hom! Hy red die arme uit die mag van slegte mense.”

(Jer. 20:7-13)

Woensdag 1 April

Skrifgedeelte: Eksodus 8 (OAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 8:18-19

Die towenaars sak uit!

By die eerste plaag kon die towenaars met hulle towerkunste ook water in bloed verander. Hierdeur is Farao se hart verhard en het hy nie na Moses geluister nie.

By die tweede plaag het die towenaars met hulle towerkunste ook paddas laat verskyn. Hierdie keer het dit egter nie so 'n groot indruk op Farao gemaak nie en moes hy Moses en Aäron laat roep om die paddas weg te neem.

Met die derde plaag kon die towenaars met hulle towerkunste nie daarin slaag om muskiete na vore te bring nie. In hulle verleentheid voor Farao erken hulle dat hierdie plaag geen menslike oorsprong het nie, maar deur goddelike krag veroorsaak is. Hulle roep dan uit: "Dit is die vinger van God."

Die Here maak 'n einde aan hulle mag. Ja, selfs Satan en al sy diensknegte sal hulle sonder die wil van God nie kan roer of beweeg nie. Later, met die sesde plaag, sou hierdie towenaars nie eens meer voor Moses kon bly staan vanweë die swere nie. Hulle het letterlik van die toneel verdwyn.

Jesus Christus waarsku ons: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (Matt. 24:24). Bokant al die misleidende tekens van hierdie wêreld moet ons die almagtige hand van God raaksien.

In Christus het Hy vir ons nie alleen Satan nie, maar ook die dood en die graf oorwin. Aan Hom is gegee al die mag in die hemel en op die aarde. Alleen by Hom is ons veilig. Niks sal ons uit sy almagtige en liefdevolle vaderhand ruk nie.

Sing: Psalm 118:8

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)

Donderdag 2 April

Skrifgedeelte: Eksodus 9 (OAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 9:20-21

Hoor die mens?

Met die sewende plaag val dit op dat die Egiptenare vooraf kans kry om beskermende maatreëls te tref. Hierby kom nou die toets vir Farao en sy dienaars: Het hulle al iets geleer uit die voorafgaande plaag? Sou hulle op die waarskuwende woorde van die Here ag gee?

Die reaksie was tweërlei: Sommige het die woorde van die Here gevrees en hulle slawe en diere na veiligheid gebring. Ander het hulle nie aan die woorde van die Here gesteur nie en hulle slawe en vee is oorgelaat aan die woede van die elemente wat God beskik het.

Jesus Christus gee later ook die waarskuwing: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe” (Joh. 5:24). Hierdie “hoor” sluit geloof en gehoorsaamheid in.

Die gelowige aanvaarding van die blye boodskap van verlossing wat Jesus kom verkondig het, is die eerste tree op die pad na die ewige lewe.

Hardnekkige ongelooft is doof vir alle eerlike waarskuwings en verstandige raad. Hierdie onverskilliges se dood is hulle eie skuld.

Hierteenoor leer ons van Jesus: “Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar” (Luk. 11:28).

Sing: Psalm 40:4

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)

Vrydag 3 April

Skrifgedeelte: Markus 15:21-32 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: Markus 15:21

Simon – deur vernedering tot oorwinning! (Paasfees)

Simon (*verhoring*) was volgens alle aanduidings 'n Jood uit Cirene, 'n stad in Libië, Noord-Afrika. Hy was sekerlik in Jerusalem vir die viering van die Paasfees en word in die maalkolk van gebeure rondom Christus se verhoor en kruisiging vasgevang. Die Romeinse soldate wat Jesus na Golgota begelei het, het gesien dat Hy nie die dwarshout van die kruis tot daar sou kon dra nie vanweë fisiese uitputting. Hulle kommandeer die naaste Jood op wat hulle kon kry om Jesus se kruishout verder te dra, en hierdie “eer” val Simon te beurt.

Vir Simon, as getroue Joodse gelowige, moes hierdie 'n groot vernedering gewees het. 'n Kruishout was vir die Jode 'n vervloekte stuk hout en nou moet Simon homself voor die Paasmaaltyd verontreinig om hierdie bloedbevlekte, vervloekte stuk hout van die veroordeelde Jesus verder te dra.

Hierdie oomblikke van vernedering sou egter Simon se oomblikke van oorwinning in Christus word. Daardie gedwonge kruisdra het hom van aangesig tot aangesig gebring met die Verlosser en Koning van die wêreld in Wie hy nou geglo het. Christus se grootste vernedering aan die kruis het gelei tot sy grootste oorwinning waarin elkeen van ons wat in Hom glo, kan deel. Dit het ook Simon se oorwinning geword deurdat hy tot geloof in Christus gekom het.

Ons lees nooit weer verder van Simon in die Bybel nie, maar die meeste Bybelverklaarders is dit eens dat ons in *Romeine 16:13* van sy gelowige vrou en seun Rufus lees aan wie Paulus besondere groete stuur as medewerkers van Christus. Dit lewer getuienis dat Simon deur sy vernedering die grootste oorwinning van sy lewe sou behaal.

Moet dus nooit wonder oor die vreemde gebeure en paaie wat God jou laat loop nie. Al lyk die gebeure of pad ooglopend tot jou nadeel te wees, bewerk die Here Jesus dit altyd tot ons voordeel.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Saterdag 4 April

Skrifgedeelte: 2 Samuel 23:1-8, 24-25 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: 2 Samuel 23:25

Elika – Christus lei ons in die stryd van die geloof tot kragtige geloofsdade

Dawid was van jongs af 'n vreeslose vegter omdat hy sy vertroue in die Here gestel het. Dit was juis om laasgenoemde rede dat God hom tot koning van Israel verhef het. In sy stryd om die koninkryk van Israel op te bou, het Dawid sy soldate deeglik opgelei in gevegskuns en hulle op die slagveld tot groot heldedade in baie oorloë teen die vyande van die Godsvolk gelei.

Elika (*God het uitgewawe*) was so 'n uitgesoekte, dapper soldaat in die leër van Dawid. Hy was deel van die sogenaamde groep van 30 helde in die leërmag van Dawid. Manne wat onverskrokke in die voorste linies geveg het en dikwels eiehandig groot oorwinnings oor hulle vyande behaal het. Hierdie helde was dikwels, soos Elika, gewone burgers van die land, manne sonder enige vername stamboom of helde in eie voorgeslagte.

Selfs 'n onbekende man soos Elika, wie se naam “my God verwerp” beteken, was 'n held in die stryd. Manne en vroue uit onbekende dorpie soos Garod word helde in die ryk van Dawid.

So lei Christus ook gewone mense soos ek en jy in die stryd van die geloof tot kragtige geloofsdade. Mense sonder aansien, mense sonder vername vanne of afkoms en uit onbekende oorde word kragtige geloofshelde in Christus. Mense wat onwrikbaar glo in Christus en vas op Hom vertrou. Mense wat vas staan in die geloof en ter wille van die naam van ons Koning teen onreg, teen misdaad, teen sonde en teen Satan en sy bose magte stry. Mense wat met die wapenrusting van die geloof toegerus word en kragtig in die Gees optree.

Wanneer die stryd in jou lewe vir jou te veel word, kyk na Christus ons Koning, volg sy leiding, trek sy wapenrusting aan en Hy sal jou kragtig maak in die stryd tot die eer van sy Naam.

Sing: Psalm 68-1:1, 2

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Sondag 5 April

Skrifgedeelte: 1 Konings 17 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: 1 Konings 17:21-24

**Elia – Die opstanding van Christus: simbool van die nuwe lewe
wat God aan ons gegee het**

Elia word deur die Bybelskrywers as een van die grootste en invloedrykste profete van God gereken. Hy het die betekenis van sy naam “Jahwe is my God” uitgeleef in die manier waarop hy sy werk as profeet gedoen het. Elia het die volk en die konings onder wie hy gedien het, onverskrokke gewys op hulle sonde en oortredings en die oordeel van God met vrees aangekondig. Hy het baie wonderwerke gedoen waardeur die krag van God geopenbaar is en waarmee God sy dienswerk as profeet bekragtig het.

So bewerk God die wonderwerk van die weduwe van Sarfat, wie se seuntjie deur Elia uit die dood opwek word! Hiermee openbaar God Homself as die een wat lewe uit dood gebied.

God kan uit die onmoontlikste situasie uitkoms gee. Deur haar seuntjie uit die dood op te wek, skenk die Here aan die weduwe van Sarfat ’n nuwe toekoms.

Vanuit die Nuwe Testament beskou, is hierdie gebeure in Sarfat ’n heenwysing na die doodsheid van die volk van God vanweë ons sonde. God bewerk egter in Christus Jesus se dood en opstanding nuwe lewe vir ons as sy volk. ’n Nuwe toekoms breek vir ons aan wanneer Jesus daardie Sondagmôre uit die graf opstaan en so die dood oorwin. Nou is vir ons sonde betaal en kan ons vir ewig lewe!

Kom ons verklaar dan vandag, met die herdenking van Christus se opstanding, saam met Elia, “Jahwe is ons God” en ons verheug ons in die nuwe toekoms wat Christus vir ons deur sy opstanding uit die dood bewerk.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Maandag 6 April

Skrifgedeelte: Job 4, 5

Fokusgedeelte: Job 4:8

Elifas – Wat jy saai, sal jy maai??

In die boek Job gaan dit oor die vraag: *Wat veroorsaak lyding?* Gelowiges weet dat lyding nie God se skuld is nie. Lyding en swaarkry is die gevolg van die sondeval. Beteken dit dat God ons straf (met lyding) vir elke sonde wat ons doen?

Elifas (*God is soos fyn goud*) het so gedink. Elifas was een van Job se vriende wat probeer het om 'n verklaring vir Job se swaarkry te gee. Elifas was afkomstig van Teman uit Edom, 'n plek wat vir sy wysheid bekend was (vgl. Jer. 49:7).

Op 'n diplomatieuse manier gee Elifas 'n verklaring vir Job se swaarkry: *Wat jy saai, sal jy maai. As jy goed doen, sal God jou beloon, maar as jy sondig, sal God jou straf.* Volgens Elifas kry Job so swaar omdat hy iets verkeerd gedoen het, en daarom is die oplossing dat Job berou oor sy sonde moet hê (vgl. Job 5:4).

Elifas mag dalk van 'n plek af kom wat vir sy wysheid bekend is, maar sy verklaring van Job se swaarkry is nie wys nie. Lyding in die lewe van gelowiges is nie die gevolg van God se straf nie. Dit kan nie wees nie, want Jesus Christus het die straf op die sonde in ons plek gedra. Ons ervaar egter nog baie keer lyding, omdat dit die gevolg is van die sondige bedeling waarin ons nog leef.

God gebruik hierdie lyding op verskillende maniere in die lewe van sy kinders. Hy kan dit gebruik om ons te tugtig (vgl. Spr. 3:12), Hy kan dit gebruik om sy almag te wys (vgl. Joh. 9:1-3) of Hy kan dit gebruik om ons te suiwer en vir sy diens voor te berei (vgl. 1 Pet. 1:6, 7). Daar kan nog baie ander redes wees hoekom God lyding in gelowiges se lewe toelaat.

Baie keer verstaan ons nie die doel daarvan nie, maar “*ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is*” (Rom. 8:28). Dra dus jou lyding soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus!

Sing: Skrifberyming 14-2

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)

Dinsdag 7 April

Skrifgedeelte: Job 34

Fokusgedeelte: Job 34:10, 11

Elihu – God se soewereiniteit

In Job 32 verskyn Elihu (*hy is God*) skielik op die toneel. Hy was van die stam Bus (vgl. Gen. 22:21) en die familie Ram. Elihu is baie blatant wanneer hy met Job praat en gee voor dat hy alles weet, maar hy redeneer op dieselfde manier as Job se drie vriende, naamlik dat God binne die skema van oorsaak en gevolg optree. Lyding is die gevolg van sonde wat deur God gestraf word, en voorspoed is die gevolg van 'n goeie lewe wat deur God beloon word.

Elihu lê baie klem op God se soewereiniteit. God se soewereiniteit beteken dat Hy die oppermag het. Hy regeer en beheer alle dinge. Volgens Elihu is dit onmoontlik dat God, wat oor alle dinge regeer, onregverdig kan wees. Hy is nie partydig nie (vs 34) en straf mense vir hulle goddeloosheid (vs 26).

Die probleem is dat Elihu 'n beperkte siening van God se soewereiniteit het. In sy soewereiniteit is God immers nie net regverdig nie, maar ook liefdevol en genadig. Ons sien dit in Jesus Christus. Hy het God se regverdige straf op die sonde gedra, en omdat God liefdevol en genadig is, het Hy dit in ons plek gedoen.

Deur geloof kry ons deel aan dit wat Jesus gedoen het (let wel: dit is nie geloof wat ons red nie, Jesus red ons! Geloof verbind ons aan Jesus en sy verlossing).

Glo jy dat God jou deur sy soewereiniteit gered het? Glo jy dat Hy oor jou lewe regeer, en ook buite die skema van oorsaak en gevolg optree?

Sing: Psalm 99:1, 2, 4 (2001)

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)

Woensdag 8 April

Skrif- en Fokusgedeelte: Handeling 13:4-12 (NAV)

Elimas – Teenstand is moontlik terwyl jy die evangelie verkondig

Jesus Christus verwag van jou om die evangelie te verkondig (Matt. 28:19). Jy is toegerus met die Heilige Gees om die werk te doen (Hand. 1:7). Dit beteken egter nie dat alles voorspoedig sal gaan terwyl jy verkondig nie. Satan stuur soms agente om jou af te skrik of te voorkom dat jy die blye nuus verkondig.

Paulus en Barnabas het op die eiland Pafos aangekom om die Woord van God te verkondig. Sergius Paulus, die Romeinse goewerneur, het groot belangstelling in filosofie en nuwe gelowe gehad. Hy het Paulus en Barnabas opgekommandeer om die “nuwe geloof” wat soos ’n veldbrand deur Ciprus versprei het, aan hom bekend te stel.

Daar was ’n Joodse towenaar Elimas (*die wyse*), wat homself as ’n profeet op die eiland uitgegee het. Hy was blykbaar deel van die hofpersoneel van die goewerneur en het ook die oudiënsie bygewoon. Hy wou verhoed dat die goewerneur in Jesus glo, moontlik omdat dit sy werk in gedrang sou bring. Hy was ’n instrument van Satan om die evangelie te blokkeer.

Paulus, vol van die Gees, het hom skerp aangekyk en gesê: Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër! Vyand van alles wat reg is! Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan! (vs 10). Die Here het die towenaar daar en dan tydelik met blindheid geslaan. Die gebeure het daartoe gelei dat die goewerneur ’n gelowige geword het.

Teenstand terwyl jy die evangelie verkondig, moet jou nie onkant vang of stuit nie. Geniet dit om van die verlossing in Jesus Christus te vertel.

Sing: Psalm 2:1 (1936)

Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)

Donderdag 9 April

Skrif- en Fokusgedeelte: 2 Konings 4:42-44 (NAV)

Elisa – Neem God op sy woord

Glo jy onvoorwaardelik wat die Here vir jou sê, of besluit jy somtyds self wat geloofwaardig is of nie? Jy gehoorsaam sekere opdragte, maar ander laat jy na, omdat jy nie seker is dat God sy woord gestand sal doen nie. So byvoorbeeld kry jy swaar om Jesus se opdrag in Matteus 6:25 uit te voer, naamlik: *Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie.* Of die opdrag: *Wie karig saai, sal karig oes, en wie volop saai, sal volop oes* (2 Kor 9:6).

Die verskynsel is niks nuuts nie. Dit is eg menslik. Jesus se dissipels het dieselfde probleem gehad, en ook in Elisa (*my God is redding*), se tyd was dit nie vreemd nie. 'n Man uit Baäl-Salisa (gebied wes van Gilgal) het uit die eerste opbrengs van sy oes 20 garsbrode en koringare (moontlik gerooster) aan Elisa gestuur. Elisa het opdrag gegee dat die geskenk aan die mense (profete en hulle familieledede wat daar saamgewoon het) gegee moes word. Elisa se slaaf het onmiddellik beswaar gemaak. In die oorspronklike staan: *Hoe sit ek hierdie bietjie vir so baie voor?* Sy gesonde verstand het vir hom gesê dat dit nie moontlik is nie. Die kos is totaal te min. Elisa het voet by stuk gehou, want die Here het vir hom gesê: *Hulle sal eet en nog oorhou.* Die resultaat: almal het genoeg gehad om te eet, en tot hulle verbasing het daar nog oorgebly.

In die Nuwe Testament lees ons van twee wonderwerke, waar Christus ook die kos vermeerder het en groot skares gevoed het. Hy leer daarmee dat Hyself die brood van die lewe is.

Neem God op sy woord, glo en vertrou Hom, en jy sal verbaas staan oor hoe God sy beloftes gestand doen.

Sing: Skrifberyming 17-4:1-6

Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)

Skrif- en Fokusgedeelte: Hosea 9 en 10

Uitgekies tot diens

God het die volk gekies nie om ledig rond te sit en niks te doen nie; nie om te leef en te maak soos hulle goeddink nie. Hy het hulle gekies om aan Hom diensbaar te wees.

Dit is nie Israel wat God uitkies nie. Die inisiatief kom van God. Hy kies uit. Hy het Israel gevind. Hy het hulle vaders gesien (9:10). Die woorde “gevind” en “gesien” is woorde wat op die verkiesing wys. Israel het dit nie verdien nie. Eintlik is dit ’n verrassing dat Hy hulle onder al die volkere uitgekies het. Sy verkiesing is een groot genadedaad.

Die Here sê ook waartoe Hy die volk uitverkies het (10:11, 12). Om die dorsvloer te trap, was baie makliker as om te ploeg en te eg. Dit het ook meer voordele ingehou. Die dier kon al etende werk. Om die ploeg te trek, vra al jou krag. Dit vra groter verantwoordelikheid.

Vir die dorsvloerwerk, dit wat maklik is en selfbevrediging en voordeel bring, daarvoor het hulle kans gesien. Hulle het hulle offers gereeld tempel toe gebring en die verskillende feeste het hulle getrou onderhou. Vir die ploegwerk, om na die wil van God te vra, Hom alleen te dien en die nek gewillig onder die juk van sy geboorte in te skuif, daarvoor het hulle egter nie kans gesien nie.

’n Mens kan God alleen dien omdat jy in Christus uitverkies is om heilig en onberispelik voor Hom te lewe. Wat meer is, Hy het sy Heilige Gees aan jou gegee om jou as eiendom van God te beseël (Ef 1:4, 13).

Sing: Skrifberyming 24:1, 2

Ds. CS (Fanie) Grobler (Emeritus)

Saterdag 11 April

Skrif- en Fokusgedeelte: Hosea 11 en 12

Liefde moet met liefde beantwoord word

God het sy kind (die volk Israel) lief soos 'n pa sy kind liefhet. Hy het die kind van Hom leer loop, sy hand vasgehou, treetjie vir treetjie saamgeskuifel sodat hy nie val nie. As sy kind moeg is, het Hy hom opgetel en gedra (vs 3). Hy het vir sy kind die lewe makliker probeer maak (vs 4). Hy het sy kind dissipline geleer (Deut. 8:3-5).

As 'n kind soveel liefde ontvang, moet hy dit tog met wederliefde beantwoord. Kan jy dit glo? Die kind is ongehoorsaam. Hy loop weg. Hy gaan bly by sy pa se vyande. Die wet het bepaal dat so 'n kind met klippe doodgegooi moet word (Deut. 21:18 ev).

Die kind se Pa sê egter: Ek kan dit nie oor my hart kry om dit te doen nie. Die rede is dat sy liefde te sterk brand. God weet sy volk is verstrik in die sonde (dis die letterlike betekenis van vers 7). Die sonde is nie maar soos 'n siekte wat jy van jou kan afskud nie. Nee, dit is 'n verslawende mag wat jou so in sy greep kry dat jy nie daar kan uitkom nie.

Wat hulle nodig het, is 'n Redder. Die Redder moet nog uit die kind gebore word. Ter wille van Christus wat gebore moet word, spaar God die kind Israel se lewe.

Christus het ter wille van jou sonde aan die kruis gesterf, maar Hy het ook opgestaan uit die dood. Saam met Hom het jy uit jou sonde-dood opgestaan. In Hom kan jy nou met die sonde in jou lewe breek; kan jy jou Vader gehoorsaam; kan jy Hom van harte liefhê en met oorgawe dien.

Sing: Skrifberyming 33:1, 3

Ds. CS (Fanie) Grobler (Emeritus)

Sondag 12 April

Skrifgedeelte: Nehemia 3:1-12, 20-21

Fokusgedeelte: Nehemia 3:1, 21 (NAV)

Eljasib, die hoëpriester – skouer aan skouer vir die Here

Soos een man besluit die gemeente onder leiding van Nehemia om die muur van die stad Jerusalem te herbou. Hulle begin by die Skaappoort, want die hoëpriester Eljasib (*God sal terugbring*), se huis is daar geleë. Hy en sy ampsgenote steek die hand uit die moue en begin met die bou van die Skaappoort, en wanneer die poort klaar is, hang hulle die deure en wy die poort in tot eer van die Here.

Van Eljasib se huis af word skouer aan skouer gebou, die priesters, die Leviete, die handelaars, die salfmengers, die smede, die gesagvoerders, selfs 'n man met sy dogters help met die bouwerk. Al beteken dit harde werk en deursettingsvermoë, bou hulle sonder ophou tot dat die muur klaar is en ingewy word. Hulle doen dit omdat dit God se werk is waarmee hulle besig is.

Die klaar geboude muur is 'n getuienis vir die geslagte wat kom: Soos een man moet hulle skouer aan skouer die Here dien.

Daar is niks wonderliker as mense wat, vanuit hulle hart, gemotiveerd, skouer aan skouer werk nie. *Baie kerkgeboue in Suid-Afrika het op dié manier verrys en is vandag nog monumente van daardie geloofspan wat saamgewerk het.* As jy erkenning moet gee aan die bouers van daardie kerke, moet jy almal se name noem: van die dominee en sy vrou tot die argitek, die boer, die inwoners van die dorp, vrouens, seuns en dogters, die ambagsmanne, die kunstenaars en die elektriesiens, almal gemeentede in dieselfde span.

Gaan kyk na die hoeksteen van julle kerkgebou. Die teks wat daarop ingegraveer is, verklaar: Niemand het die bouwerk vir hulleself gedoen nie, maar almal het dit vir die Here gedoen.

Julle kerkgebou is 'n monument met 'n duidelike boodskap: Hierdie gemeente moet skouer aan skouer, soos vir die Here, in die opbou van Jesus se gemeente saamwerk. Saamwerk uit dankbaarheid vir die reding in Christus.

Sing: Psalm 48:5

Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)

Maandag 13 April

Skrifgedeelte: Nehemia 13:4-9

Fokusgedeelte: Nehemia 13:8 (NAV)

Eljasib, die hoëpriester – 'n verkeerde ding!

In die lys van name wat aan Jerusalem se mure gebou het, staan die naam van die hoëpriester *Eljasib* uit. Nie tot eer van sy amp as hoëpriester nie, want wanneer ons weer van sy naam lees, is Nehemia woedend oor die verkeerde ding wat hy aangevang het.

Eljasib het bevriend geraak met Tobias, 'n ryk handelaar wat teen die herbou van die mure van Jerusalem gekant was. Hy het die tempelkamer wat bedoel was vir die stoor van die tempelgereedskap en die tiendes van die volk, leeg gemaak en vir Tobias plek gemaak, wat dit as 'n kantoor vir sy handelsdryf gebruik het.

Nehemia smyt die meubels van Tobias uit, want sy goed hoort nie in die tempel van die lewende God nie. Hy reinig die kamer en laat al die tempelgereedskap en voorrade terugplaas.

Baie jare later het Jesus ook in heilige toorn die tempel van die geldwisselaar en die verkopers van beste, skape en duiwe skoongemaak. In heilige kwaad-wees het Hy hulle uit die tempel gejaag met die woorde: “Daar staan geskrywe: ‘My huis sal 'n huis van gebed wees’, maar julle het dit 'n rowersnes gemaak.”

Niemand in 'n gemeente, selfs nie die dominee van 'n gemeente, mag die opregte dien van die Here in 'n gemeente laat skade ly nie. Wanneer dit gebeur, mag enige gelowige in heilige toorn sorg vir die herstel daarvan. Paulus waarsku: “As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.”

Wanneer ons skouer aan skouer in die opbou van die gemeente saamwerk, moet ons dit nie doen met hout, gras of strooi nie, maar met silwer, goud en edelstene. Jesus sal met sy wederkoms ons bouwerk op die proef stel.

Sing: Psalm 89:6

Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)

Dinsdag 14 April

Skrifgedeelte: Psalm 17:1-15 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 17:8, 9

Die Here bewaar ons soos 'n oogappel

Dit is so al asof Dawid die laaste bede van die “Onse Vader”-gebed bid: “Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.” Dawid roep die Here aan dat Hy 'n regverdige saak moet aanhoor. Hy sê vir die Here dat hy die Here se kind is; dat hy die pad loop wat 'n kind van die Here behoort te loop. Hy vermy die pad van die geweldenaar en hou vas aan die Here se spore. Hy roep die Here aan. Hy soek beskerming by die Here. Hy sê daar is vyande, goddeloses wat hom geweld wil aandoen.

Die mens het drie doodsvyande, naamlik die duiwel, die wêreld en die eie sondige natuur van die mens. Hulle is gevoelloos en hoogmoedig. Elkeen van die vyande is soos 'n brullende leeu wat soek wie hy kan verslind (1 Pet 5:8). Die mens is so swak in homself dat hy geen oomblik staande kan bly nie.

“Bewaar my soos 'n oogappel”, vra Dawid. Die oogappel of pupil is seker een van dié liggaamsdele wat ek die meeste beskerm. Ek knip nie net my oë as iets nader kom nie, maar ek gebruik byna outomaties my hande om beskerming te bied. Dawid vra ook dat die Here hom sal beskerm soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke beskerm (vgl. Matt. 23:37). As die Here ons bewaar, sal ons oorleef en oorwin.

Die Here doen dit inderdaad ook. As Vader sorg, regeer en onderhou Hy. As Seun verlos Hy ons van ons sondenood; het Hy die mag van die dood oorwin en is Hy besig om die duiwel se kop te vermorsel. Ná sy hemelvaart regeer God deur Hom wat ons met God versoen het.

Deur God se Gees wat in ons woon, verlig Hy ons harte en rus Hy ons toe met die wapenrusting van God (Ef. 6:10-20) sodat ons staande kan bly “en sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie (sal) beswyk nie totdat ons eindelijk die oorwinning ten volle behaal” (HK Sondag 52).

Sing: Psalm 7:1, 6

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

Woensdag 15 April

Skrifgedeelte: Psalm 18:1-30 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 18:1, 2, 17

Ek het U hartlik lief, Here!

Psalm 18 is 'n danklied wat koning Dawid geskryf het vir redding uit die mag van verskillende vyande en veral uit die hand van koning Saul.

Watter vyande is daar op j^{ou} lewenspad vandag? Dalk is daar iemand wat jou jaag, maar daar is ook geestelike vyande waarvan jy gered moet word. Dink aan vyande soos verdriet, verlange na 'n geliefde, eensaamheid, vertwyfeling, versoeking, kleingeloof, allerlei sondige praktyke ...

Dawid besing in hierdie Psalm die besondere band tussen hom en die Here. Die Here is sy sterkte, rots, bergvesting, redder/verlosser, God, skuilplek en skild. Daarmee sê Dawid dat hy in die geloof die weldade van die Here sy eie gemaak het. In verse 7-16 sê hy dat toe hy benoud was, het hy die Here geroep en die Here het gehoor en hom selfs met almagswerke (aardbewings, vuur, wind, hael en weerligstrale) verlos.

As God wat 'n ewige verbond met sy kinders het, het Hy met die gé-rub (= 'n engel) op die verbondsark in die tempel gery om Dawid te verlos (vs 11). "Hy het uit die hoogte sy hand uitgestrek, Hy het my gegryp ..." (vgl. vs 17). Die duisternis wat hom omring, het die Here opgeklar en sy lampie skyn al weer omdat die Here hom weer moed gegee het om die bende vyande storm te loop (vs 29, 30).

God het uit die hoogte sy Seun gestuur wat ons volkome van al ons vyande verlos het. Deurdat Jesus Christus vir sondige mense soos ek en jy (vyande van Hóm!) gesterf en versoening gedoen het, het God sy liefde en trou aan ons bewys. Nou dat ons versoende mense is, sal God sy hand mos nóg meer uit die hoogte strek om ons te red!

Daarom moet ek en jy vandag – net soos Dawid destyds – 'n eenvoudige geloofsbelydenis doen deur te sê: "Ek het U hartlik lief, HERE, my sterkte!"

Sing: Psalm 116:1, 9, 10

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

Donderdag 16 April

Skrifgedeelte: Psalm 18:31-50 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 18:31-34

God is 'n skild vir almal wat by Hom skuil!

Die tweede deel van Psalm 18 handel oor God wat verhewe bo alles en almal is. Sy weg (= die Here se manier van doen, ook met my) is volmaak. Sy woord is suiwer, sonder foute, vlekke of rimpels.

Daar is geen God behalwe die Here nie. 'n God is iemand wat bo die hele skepping uittroon en verhewe is. Slegs die Here is hierdie God. Die Hebreeus vir Here is "Jahwe". Volgens Eksodus 3:14 beteken "Jahwe": "Ek is wat Ek is." Dit beteken dat God van Homself sê dat Hy getrou en nie wispelturig of impulsief is nie. Hy verander nie soos winde verander nie. Omdat God dan só is, is sy weg volmaak en sy woord sonder foute.

Dit is hierdie Here wat ons skild is. 'n Skild is 'n apparaat waarmee mens iets afweer of keer dat dit jou doodmaak. Dit is 'n skerm waaragter jy kan wegkruip. Dit beskerm jou teen die aanslae van die vyand. Wanneer 'n mens 'n skild het, kan jy met meer selfvertroue die vyand tegemoet gaan. "Ook het U my die skild van u uitredding gegee, en u regterhand het my ondersteun, en u neerbuigende goedheid het my groot gemaak" (vs 36). Daarom kon Dawid sy vyande agtervolg en inhaal. "Jahwe" is ons skild agter Wie ons kan skuil.

Vir wie is Hy 'n skild? Vir almal wat na Hom toe gaan vir skuiling teen al die aanslae van die lewe. Vir diegene wat Hom as hulle toevlug beskou. Vir almal wat sy liefde met wederliefde beantwoord. Vir almal wat sy weldade met dankbaarheid uit sy hand neem.

Ons Here Jesus Christus sê: "Kom almal na My toe wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28). Diegene wat met hulle laste agter die skild van God se Seun wegkruip, sal ervaar dat "Jahwe" hulle "voete soos dié van herte" maak sodat hulle bestendig teen skuinstes kan uitklim.

Sing: Psalm 18:14, 15

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

Vrydag 17 April

Skrifgedeelte: Psalm 19 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 19:2, 8, 15;

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2

Kyk, luister, lees – God openbaar Homself!

Ons beleef tans winteromstandighede. Ryp, sneeu en koue winde is tipiese wintereienskappe. Dan volg lente, somer en herfs, die een seisoen na die ander, jaar na jaar. Alles draai om die son (vs 5b-7).

Deur die soort waarneming van die natuur word daar 'n boodskap aan ons oorgedra: “Die hemele vertel die eer van God, en die uitspan-sel verkondig die werk van sy hande ... daar is geen spraak en geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem” (vs 2, 4). Die natuur is vinger-afdrucke van God. Selfs die magtige son waarna ons so verlang in wintertyd, het sy plek en taak aan God te danke. Dit is God se algemene openbaring.

Die natuuroopenbaring is egter nie volledig nie. Ons moet nog die Skepper agter die skepping leer ken. Waar Dawid tot dusver van “God” gepraat het, praat hy vanaf vers 8 van “HERE” (Jahwe). Dit is die Naam van God wanneer sy verbond met sy volk ter sprake is. Wanneer God met sy verbondskind praat, doen Hy dit deur sy Wet (= Woord, Bybel, Skrif). Dit is God se besondere openbaring. Hierdie Woord is volmaak, seker, reg, rein, begeerlik en ewig. Hierdie Woord verkwik die siel, gee wysheid, verbly die hart, verlig die oë en waarsku. God se verbondskinders moet met hierdie twee openbaringswyses, maar veral met die Woord, omgaan.

Dawid besef deur sy omgang daarmee dat hy dikwels onbewustelik en bewustelik teenoor God oortree. Daarom bid hy: “Spreek my vry ...!” (vs 13) en: “Hou u kneg terug van moedswillige sondes” (vs 14). Hy besef dat daar by God alleen vergifnis is.

God se Woord leer elders: God vergewe volkome ter wille van Christus. Uit dankbaarheid vra Dawid dat sy woorde en oordenkinge voor die Skepper en Verbondsgod aanneemlik sal wees. God se Woord leer ook: God rus ons toe met sy Heilige Gees.

Sing: Psalm 19:1, 4, 7

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

Saterdag 18 April

Skrifgedeelte: Psalm 20:1 – 21:14 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 20:7, 8; 21:14

Stel jou vertrou egsluitlik op die Here

Die gelowige is voortdurend in oorlog teen sy vyand, die Bose, die sonde gewikkel. Koning Dawid stel vir ons die voorbeeld hoe ons hierdie oorlog tegemoet moet gaan.

Uit Psalm 20 blyk dit dat voordat die koning en sy leer uittrek na die slagveld, hulle éers na die plek van aanbidding gaan. Terwyl die priesters die offers bring, sing die tempelkoor en die volk 'n seënbede wat bestaan uit sewe keer: "Mag die HERE ..." (Sewe is 'n volheidsgetal.)

Sekere offers word gebring. Die spysoffer bestaan uit die vrug van die land wat aan die Here gebring word as dankbaarheidsoffer vir al die seëninge wat reeds verkry is. Met die brandoffer is die dier, wat geheel en al verbrand word, simbolies daarvan dat die persoon wat offer, homself geheel en al tot die beskikking van die Here stel.

Hierdie handeling en gebede kom kortliks daarop neer dat 'n dankbare soldaat hom tot die beskikking van die Here stel en nou van die Here vra dat die Here in hierdie oorlog by hom sal wees. Hy stel sy vertrou egsluitlik op die Here. Hy glo vas en seker dat hy deur God se krag die oorwinning sal behaal. Hierin sal hy roem.

In Psalm 21 blyk dit dat die oorwinning behaal is en dat die Here die gebede verhoor het. Die Here het die vyand verslaan. Daarom wil die digter die Here met psalmgesang eer!

Só moet ek en jy in ons stryd teen die Bose in dankbaarheid na die Koning van die konings gaan, ons leeg maak voor God, ons geheel en al tot die beskikking van God stel en ons vertrou egsluitlik op Hóm alleen stel. Ons kan dit met soveel oortuiging doen omdat die oorwinning oor die Bose alreeds behaal is deur ons Here Jesus Christus toe Hy die dood oorwin en na die hemel opgevaar het. Daarom moet ons aan die Here alleen die eer gee en in Hom roem.

Sing: Skrifberyming 8:1, 2, 4

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

Sondag 19 April

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-22; Matteus 27:32-50 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 22:12

Jesus is verlaat sodat ons nooit verlaat sou word nie

Dawid is hier aan die woord as 'n skadubeeld van ons Here Jesus Christus. Dawid vertel van 'n baie donker tyd van sy lewe. Alles en almal is teen hom. Hy maak van beelde uit die diereryk gebruik om die aanslag van sy vyande te beskryf: verskeurende, brullende leeus wat hom wil verslind (vs 14, 22); wilde beeste (vs 13, 22) en honde (vs 21) wat hom omring. Hy is so verneder en mishandel dat hy sy menswaardigheid verloor het en soos 'n wurm voel. Hy is gesmaad en verag (vs 7).

Baie van hierdie vertellings stem ooreen met dit wat met ons Here Jesus gebeur het. Jesus is ook verneder, mishandel, verag, gesmaad en gespot. Vergelyk maar vers 8 en 9: "Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom!" Ook vers 16: "My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood."

Jesus was so uitgeput dat Simon van Cirene sy kruis moes help dra. Jesus het uitgeroep: "Ek het dors!" Jesus het gesê: "In U hande gee Ek my gees oor." Jesus se klere is ook verdeel en die lot daarvoor gewerp (vgl. vs 19). Jesus het ook gesê: "My God, my God, waarom het U my verlaat ...?"

Jesus is deur God verlaat en tot die dood toe verneder, omdat Hy as enigste Hoëpriester en Middelaar met die vraag van óns sondes op sy skouers Homself geoffer het en blootgestel het aan God se toorn oor ons sonde. Hy het daardeur God se toorn jeens my as sondaar afgeweer. Sy lyding veroorsaak dat ek nie ewig sal ly nie en nie die ewige dood hoef te sterf nie.

Deur Jesus se Godverlatenheid het God Dawid se gebed verhoor dat die Here nie ver van hom af moet wees nie (vs 12, 20).

Sing: Skrifberyming 6:4-7

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

Maandag 20 April

Skrifgedeelte: Esra 7:1-10

Fokusgedeelte: Esra 7:6

Esra – Die regte man op die regte tyd

In kritieke tye gee God die regte man op die regte tyd. Dit was sowat 80 jaar nadat die tempel onder aanvoering van Serubbabel weer herbou is. Die volk het egter in hulle toewyding aan die Here koud geword. Hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here en hulle het met heidense vrouens getrou.

'n Gebou – al was dit die tempel – kan nie toewyding aan God waarborg nie. Daarvoor is mense nodig, mense wat die Here ken. Daarom stuur die Here so iemand na sy volk toe, naamlik Esra (*hulp*). Esra was 'n geleerde man, kundig in die wet van Moses. Hy het naby God geleef. Boonop was hy uit die priestergeslag van Aäron. Vir hom stuur God nou om sy volk uit hierdie donker tyd uit te lei. Hy moet die Here se wil aan die volk bekend maak.

Dit was egter belangrik dat hy ook die koning se goedkeuring weggedra het. Daarom, so staan dit in vers 6, omdat die Here sy hand oor Esra gehou het, het die koning hom alles gegee wat hy gevra het.

Toe, op 'n dag, het Esra die volk bymekaar geroep, hulle opgeroep om hulle sondes te bely, en hulle aangespoor om daadwerklik iets daaromtrent te doen (Esra 9, 10). Esra was deur God se beskikking die regte persoon op die regte tyd. En sy vertrekpunt was die Woord van God.

Ook ons is geroep om lig te wees daar waar ons elke dag beweeg. Ons is geroep om mekaar te bemoedig en mekaar in die geloof op te bou. Doen dit vandag – so kan jy die regte persoon op die regte tyd wees, om die evangelie van Jesus Christus uit te dra, daar waar die Here jou geplaas het.

Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5, 6

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)

Dinsdag 21 April

Skrifgedeelte: Ester 4:9-17

Fokusgedeelte: Ester 4:14b

Ester – Die tyd is nou, die plek is hier, die persoon is jy!

Dit is nie toevallig dat Ester (*jongvrou/ster*) koningin is nie. God gebruik haar in sy plan om die Jode te red. Daarom het Hy haar koningin laat word! Dit was nie maar net 'n mooi sameloop van omstandighede nie. God is in beheer. Hy is besig om elke legkaartstuk in sy plek in te pas.

Dit vra geloof van Ester. Sy moet die waagmoed aan die dag lê om by die koning in te gaan. En sonder dat sy dit besef, word sy deel van God se plan. Nadat sy drie dae gevas het, het sy uiteindelik moed om by die koning in te gaan. Dan is die koning haar genadig. Hy steek sy septer na haar toe uit, as teken dat sy maar kan naderkom.

As hierdie struikelblok oorkom is, dan sien ons dat Ester 'n al sterker persoon word. Sy is nie meer die huiwerige jong meisie nie. Haar planne kry algaande gestalte, en nou is sy met krag en moed oorgehaal om haar volk van uitwissing te red.

En, menslik gesproke, wat was die gevolge van haar durf en waagmoed? Die Jode is van uitwissing gered. Meer as dit. Eeue later is Christus uit die nageslag van hierdie Jode gebore. Die EEN wat na die wêreld toe moes kom, om almal wat in Hom glo van die ewige dood te red.

Ek is nie sonder rede die pa of ma van my gesin nie. Ek is nie sonder rede die eerste of die tweede of die derde kind in ons huisgesin nie. Ek is nie sonder rede met my man of vrou ge troued nie. Watter wonderlike dinge gaan God vandag deur my doen?

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2, 3, 4

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)

Woensdag 22 April

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:4

Uitverkiesing en bemoediging

Die jong gemeente in Tessalonika wat Paulus op sy tweede sendingreis gestig het, word ernstig bedreig deur die heidene en vyandigesinde Jode. Paulus self kon net vir drie weke daar werk voordat hy weens vervolging moes vlug. Hierdie brief het hy kort daarna geskryf om die gelowiges daar te bemoedig en aan te vul wat nog aan hulle geloof ontbreek het (3:10).

Paulus begin die brief deur God te dank vir hulle geloof, liefde en hoop waarmee hulle 'n voorbeeld vir al die gelowiges was. Hy is baie bly oor die uitwerking wat die evangelie op hulle het, want dit is vir Hom 'n duidelike bewys dat die Here hulle uitverkies het.

Dit gee vir Paulus die grond waarop hy hulle kan bemoedig. God se uitverkorenes wat Hy in sy liefde uitverkies het, het immers die versekering dat hulle altyd, ook in die moeilikste omstandighede, op Hom kan vertrou. Geen vervolging of stryd, ja niks kan hulle van sy liefde skei nie, aangesien Hy hulle deur Jesus Christus aan Hom verbind het (vgl. Rom. 8:32-39).

Dit was nog altyd die basis waarop die ware kerk van God ook in die grootste beproewing staande kon bly. Op grond van sy ewige raadsbesluit bewaar en vermeerder Hy vandag nog sy duurgekoopte kerk deur sy Woord en Gees.

Daarom kan jy wat in jou lewe die vrugte van die uitverkiesing sien, naamlik geloof, liefde en hoop, ook die toekoms met vertroue teemoetgaan en met verlange na die dag van finale verlossing uitsien.

Sing: Psalm 33:6, 10

Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)

Donderdag 23 April

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:4

God se uitverkorenes doen wat Hy verwag

Een van die grootste versoekings op 'n gelowige se pad is juis om die guns van mense te probeer wen. Ons sal almal eerder swyg as om iemand te vermaan. Ons sal eerder verkeerde dinge toelaat as om uitgeskel te word as outyds of as 'n pretbederwer. 'n Predikant sal soms eerder wil preek wat mense graag wil hoor, as dat hy die volle waarheid preek en in onguns by mense kom of selfs vervolgt word.

Paulus en sy medewerkers was presies in so 'n situasie. Hy en Silas moes drie weke na hulle aankoms uit Tessalonika vlug weens 'n oproer wat die Jode in die stad georganiseer het. Wat die rede vir die oproer was, word duidelik uit Paulus se woorde in ons teks: "Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag ..." So het hulle dan die evangelie verkondig ondanks felle teenkating.

Die rede waarom hulle volhard het om die evangelie te verkondig, is dat hulle besef het dat God hulle gekeur het en die evangelie aan hulle toevertrou het. Die Here bring hierdie besef by sy uitverkorenes deur die werk van die Heilige Gees.

Die bewustheid van die Here se uitverkiesende genade in jou lewe maak dus van jou 'n gewillige en onverskrokke werktuig in sy koninkryk, omdat Hy die wat Hy uitverkies het, ook deur Jesus Christus verlos het. Daarom streef hulle deur die werk van die Heilige Gees na dit wat vir die Here aanneemlik is, al maak dit hulle ongewild.

Streef jy ook daarna?

Sing: Psalm 40:4

Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)

Vrydag 24 April

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 3:12

Uitverkiesing en onderlinge liefde

Hoe moeiliker dit met 'n mens gaan, hoe meer raak jy op jousef ingestel en in jousef gekeer. Dit is hoe dit gewoonlik gaan. Die mens se drang om homself te beskerm, werk op dié manier. In moeilike tye sorg elkeen net vir homself en hoogstens vir die mense wat die naaste aan hom is.

In die koninkryk van God werk dit anders. In 'n tyd van nood kruip gelowiges nie in hulle dop nie, maar hulle vlug na God en na mekaar toe.

'n Kenmerk van God se uitverkiesende genade in die lewe van sy kinders is juis dat hulle mekaar versterk deur die liefde wat hulle aan mekaar bewys, ook in tye van nood. Hulle vertoon die gesindheid van Jesus Christus wat in die uur van sy grootste nood die grootste liefdesdaad van alle tye verrig het. Hy het Homself gegee om ons van die nood en die pyn van die hel te verlos.

Hierdie gesindheid het Hy deur die Heilige Gees ook by die Tessalonisense gewek (1:3). Nou bid Paulus dat hulle liefde vir mekaar en vir alle mense sal groei en oorvloedig word net soos dit met Paulus-hulle gebeur het. Daardeur gaan hulle mekaar immers geestelik versterk om staande te bly en ook ander mense vir Christus te wen.

Daar is versterking vir dié wat liefde ontvang, maar ook vir dié wat liefde bewys. Wie liefde ontvang, ervaar God se liefde deur die een wat gee. Wie deur die werk van die Heilige Gees liefde bewys, ontvang daardeur die versekering van die egtheid van sy geloof.

Bid dan dat die Here ook jou liefde oorvloedig sal maak.

Sing: Psalm 66:7

Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)

Saterdag 25 April

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1

Uitverkiesing en gehoorsaamheid

Lyk jou lewe dikwels net soos die wêreld s'n? Is jy geneig om standarde wat in die samelewing geld, ook maar vir jou persoonlik te aanvaar?

Dikwels laat daardie standarde in die lig van die Here se Woord veel te wense oor. So was dit ook in Tessalonika. Daarom het Paulus die gemeente hieroor verder onderrig. Hy het hulle opgeroep om duideliker God se wil uit te lewe. In verse 1-12 handel Paulus oor drie aspekte van hulle lewe.

- Eerstens moet hulle hul weerhou van onsedelikheid: “Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe” (vs 4).
- Tweedens het hulle by God self geleer wat broederliefde is. Deur sy prediking en omdat Hy Homself gegee het, het Jesus Christus ware broederliefde in hierdie wêreld gedemonstreer.
- In die derde plek gee Paulus vir hulle ook riglyne vir hulle daaglikse werk. Om te werk, was vir baie Grieke 'n vernedering. Daarom was die versoeking vir die gelowiges ook groot om nie hulle werk te doen nie, maar om hulle met ander se sake te bemoei. Paulus skerp hulle dan op om getrou hulle eie werk te verrig.

Die Here maak deur die Heilige Gees die uitverkorenes gewillig om al hoe meer volgens Jesus Christus se standaard te leef. Hy het hulle verlos om soos Hy die wil van die Vader te doen.

So onderskei hulle hulle dan van die wêreld en dwing hulle ook die agting van die mense buite die gemeente af.

Volgens watter standaard leef jy?

Sing: Psalm 51:6

Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:6

Uitverkiesing en wederkoms

Die wêreld en ook baie kerkmense is aan die slaap. Hulle leef asof die wederkoms nooit sal plaasvind nie. Hulle is selfsugtig en geldgierig, liefdeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie en ongehoorsaam aan hulle ouers.

So beskryf Paulus die mense van die laaste dae aan Timoteus in 2 Timoteus 3. Die ongelowiges van Tessalonika het só geleef. Party van die gelowiges daarteenoor het weer verstaan dat die wederkoms baie naby was en daarom het hulle ledig daarvoor gesit en wag. Paulus het toe twee sake baie duidelik gestel:

- Eerstens herinner hy die Tessalonisense daaraan dat die wederkoms onverwags sal wees (vs 1-3). Daarmee waarsku hy hulle teen die valse gerustheid en teen dwaalleer oor die tyd van die wederkoms.
- In die tweede plek roep hy hulle op om wakker te bly en nugter te wees. Dit beteken dat hulle moet volhard in geloof, liefde en hoop (vs 8). Hulle moet mekaar bemoedig (vs 11) en hulle moet ook die leiding van hulle voorgangers aanvaar (vs 12, 13). Hulle moet ook na mekaar omsien, mekaar vermaan, voortdurend bly wees, biddend leef en altyd dankbaar wees (vs 14-18). Verder moet hulle ook die prediking ernstig opneem (vs 20-23).

Die troue Verbondsgod laat sy kerk vandag nog deur die prediking van sy Woord waarsku. Sy uitverkorenes gee ag op hierdie waarskuwing, want Jesus Christus het hulle uit die duisternis verlos. As mense van die lig weet hulle ook waarheen hulle op pad is. Dit is veral in hulle lewenswyse te sien.

Is dit ook in jou lewe duidelik?

Sing: Skrifberyming 43:5

Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)

Maandag 27 April

Skrifgedeelte: Handeling 24:24-27

Fokusgedeelte: Handeling 24:25a

Feliks – Ware vryheid en geluk is net in Christus te vind (Vryheidsdag)

Die naam Feliks beteken “gelukkig”. En Antonius Feliks (van ons Skrifgedeelte) kon homself inderdaad as gelukkig beskou. Sy familie was vrygelate slawe, maar sy broer kom in guns by keiser Nero en beding vir Feliks ’n hoë pos in Judea. So het Feliks baie meer vryheid en voordele as die meeste mense van sy tyd gehad.

Feliks wou homself egter nog meer gelukkig maak. Hiervoor gebruik hy wreedheid, lis en korrupsie. Toe hy byvoorbeeld die beeldskone Drusilla ontmoet, raak hy ontslae van sy eie vrou en huur ’n towenaar om Drusilla te oortuig dat die gode haar gelukkig sal maak as sy van haar man skei en met Feliks trou.

Die plan werk en in ons Skrifgedeelte is die skone Drusilla, skaars 20 jaar oud, “wettig” Feliks se vrou. Sy is by Feliks as hy omkoopgeld van Paulus probeer afpers in ruil vir sy vryheid.

Die apostel Paulus ken die enigste ware vryheid en geluk, en hy bied dit gratis aan. Paulus praat met Feliks en Drusilla oor hoe om in die regte verhouding met God te kom (“geregtigheid” – OAV), oor self-beheersing en die komende oordeel (24:25). Verseker het Paulus ook die vergewing van sondes deur Jesus en die ewige lewe verkondig. Feliks en Drusilla stel egter uit. Hulle sal Paulus later weer roep. Van uitstel het ongelukkig afstel gekom.

Die aardse geluk en vryheid wat so baie mense (ook vandag nog) nastrewe deur mag en lis en korrupsie en losbandigheid, hou nie. Feliks raak uiteindelik so omstrede dat hy alle voordele verloor en in politieke obskurniteit verdwyn. En die skone Drusilla? Van haar is dit bekend dat sy op 25 Augustus 79 nC saam met die inwoners van die stad Pompei deur die lava van vulkaan Vesuvius verswelg word. Toe was dit vir haar vir goed te laat om die ewige vryheid en ware geluk te vind.

Sing: Psalm 112-2:1, 3

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Dinsdag 28 April

Skrifgedeelte: Handeling 25:1-12

Fokusgedeelte: Handeling 25:12

Festus – God gebruik selfs ongelowiges as instrumente om sy plan uit te voer

Ons weet nie veel van Festus (feestelik) af nie. Hoewel hy as Romeinse goewerneur 'n belangrike posisie in Sesarea beklee het, word daar as't ware maar net in die verbygaan na hom verwys.

Die enigste rede waarom sy naam genoem word, was omdat God hom as instrument gebruik het om te sorg dat die apostel Paulus na Rome toe gestuur sou word. Sy versekering in vers 12: "Jy het jou op die keiser beroep; na die keiser toe sal jy gaan", was die eerste tree op die pad wat die Here in Handeling 23:11 aan Paulus uitgestippel het toe Hy gesê het dat Paulus ook nog in Rome vir Hom sal getuig soos wat hy in Jerusalem vir Hom getuig het.

Feliks het die apostel vir meer as twee jaar ter wille van eie voordeel gevange gehou (24:26-27) en dit het, menslik gesproke, nie gelyk het asof daar enigiets van God se belofte gaan kom nie. Toe is Feliks egter deur Festus opgevolg en het die prentjie verander. Hy het onbewustelik 'n belangrike skakel in die ketting van God se plan geword, wat op die uitdra van die evangelie van Christus uitgeloop het.

Soms voel 'n mens jou so nutteloos en onwaardig in die koninkryk van God, asof daar sonder meer by jou verbygegaan kan word. Jy wonder oor die rol wat 'n ongelowige regering kan speel. Jy vra jousef af of daar in 'n vyandige wêreld hoop vir die kerk van die Here is.

Ons vergeet egter dat God selfs ongelowiges as instrumente gebruik om sy plan uit te voer, dat Hy 'n onbekende goewerneur laat sê het: "Jy het jou op die keiser beroep; na die keiser toe sal jy gaan."

Sing: Psalm 33:6 (1936)

Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)

Skrifgedeelte: Filemon verse 8-19 (NAV)

Fokusgedeelte: Filemon verse 15, 16

Filemon – hoe om werklik te vergewe

Filemon was 'n vooraanstaande Christen. Sy slaaf Onesimus het van hom af weggeloop. Die Here beskik egter dat Onesimus hom in Paulus vasloop toe hy saam met hom in die tronk beland. Daar in die tronk word Onesimus 'n Christen. Wanneer Onesimus vrygelaat word, stuur Paulus hom terug na Filemon en dring daarop aan dat Filemon hierdie slaaf soos 'n broer in Christus moet ontvang.

Paulus versoek Filemon: Ontvang hom net soos jy my, jou vriend en geloofsgenoot, sal ontvang. Daar is niks om met Onesimus uit te sorteer voordat hy weer as slaaf vir Filemon werk nie. Wanneer God vir Onesimus vergewe en hom nuutmaak, hoef die saak van sy weglopery nie weer opgehaal en uitgesorteer te word nie. Al kon Filemon vir Onesimus volgens wet doodmaak omdat hy weggeloop het, werk dit nou nie so nie. Wan neer God vergewe, moet Filemon ook vergewe.

Ware vergifnis is ook nie dat Filemon maar sou sê: Onesimus kan terugkom, solank hy hom nou gedra nie. Vergifnis vir God is wanneer Hy ons vergewe en ons in liefde aan neem. Daarom moet Filemon vir Onesimus soos 'n geliefde broer ontvang. Filemon moet hom nie uit dwang terugontvang nie, maar uit liefde.

Wanneer jy sê: ek het iemand vergewe, maar jy vermy so 'n persoon, is jou vergifnis oneg. Vergifnis is eers voltooi wanneer die Christelike band weer herstel is. Deur Jesus se dood en opstanding is ons sonde vergewe juis sodat die band tussen ons en God herstel kon word.

Mag ons ook altyd vergewe soos die Here wou hê dat Filemon moes vergewe. Die gesiene baas word soos die slaaf, wanneer jy iemand in liefde vergewe. Christus het soos jy geword, en Hom aan jou gebind. Vergewe mekaar, en buig diep in liefde.

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg en Boshof)

Donderdag 30 April

Skrifgedeelte: Johannes 14:1-11

Fokusgedeelte: Johannes 14:8 (NAV)

Filippus – beleef jou rykdom wat jy in God het!

Bied jou kerk, en die manier waarop jy jou godsdiens beoefen, genoeg aan jou? Adam en Eva het nie genoeg gehad in wat die Here hulle daar in die paradys gegee het nie. Eva swig voor die duiwel wat aan hulle meer voorhou: eet van die boom, en julle sal genoeg hê – julle sal soos God wees.

Tomas het ook nie genoeg daarin gehad om die opgestane Here Jesus te sien nie. Hy soek meer! Hy wil die merke van die spykers in Jesus se hande sien, anders sê hy sal hy nooit glo nie.

Filippus (*perdeliefhebber*) het ook daardie iets ekstra gesoek om dan eers genoeg te beleef in wat hy in Jesus het – wys ons die Vader, en dit is vir ons genoeg! Hy wil meer as net vir Christus met die oog sien. Dit beteken dat hy in Christus Self nog nie genoeg het nie.

Met 'n wêreld vol tegnologie en groot dinge wat maklik gebeur wanneer jy 'n knoppie druk, soek die mens ook vuurwerke in hulle godsdiens. Baie vind nie meer genoeg in die tradisionele erediens en kerkmusiek nie. Daar moet buitengewone ervarings wees, moderne musiek, en beroemde mense wat alles inkleur. Of nog 'n reaksie: die Woord en die kerk bied nie so baie nie – daarom bly ek gewoon daarsonder.

Kom ons sien weer raak wat ons het in God, in sy Woord en in sy kerk. Die grootste groothede is in eenvoud gegiet – soos die grote Christus wat in eenvoud in 'n krip en aan 'n kruis was. Laat ons opnuut genoeg beleef in 'n eenvoudige gebed, en 'n eenvoudige loflied uit die hart. Mag ons raaksien wat ons werklik in die Here het.

Sing: Psalm 119:7

Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg en Boshof)